Laerskool Warmbad

Moffatstraat 80
Privaatsak X1630
Bela-Bela, 0480

Tel: (014) 736 2228/9
Faks: 086 765 2411

E-pos: lsw@tritronix.co.za
www.laerskoolwarmbad.co.za

AANSOEK OM TOELATING VIR 2020 (GR. 1 – 7): SLUITINGSDATUM: 31/05/2019 (VOOR 11:00)

Tydens die inhandiging van die aansoekvorm, **MOET** die **AANSOEKREGISTER** onderteken word.
Indien u aansoekvorm na die sluitingsdatum ontvang word, word dit as 'n laat aansoek verwerk.
U sal per sms in kennis gestel word of u aansoek suksesvol is of nie, waarna u 'n brief by die kantoor **MOET** kom afhaal alvorens u skoolklere by ons Klerekas kan aankoop.
Laat weet ons asb. betyds indien u die aansoek wil kanselleer.

INDIEN U VORM ONVOLLEDIG IS OF ENIGE DOKUMENTASIE ONTBREEK, OF ENIGE DOKUMENTASIE NIE GEWAARMERK IS NIE, SAL U AANSOEK NIE VERWERK WORD NIE (U NAAM WORD SLEGS OP DIE LYS GEPLAAS SODRA INLIGTING 100% KORREK EN VOLLEDIG IS).

NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE INLIGTING:

- **DIE SA SKOLEWET VAN 1996 STIPULEER DAT SKOOL VERPLIGTEND IS VIR ALLE KINDERS IN SA VANAF DIE OUDERDOM VAN 7 – DAAROM SAL 'N KIND WAT 7 WORD VOORKEUR GENIET BO 'N JONGER LEERDER WAT VIR GRAAD 1 AANSOEK DOEN.**
- **LAERSKOOL WARMBAD IS VOLGENS DIE NASIONALE KWINTIELSTELSEL 'N KWINTIEL 5 SKOOL EN DAAROM IS DIE BETALING VAN SKOOLFONDS VERPLIGTEND.**
- **VOLGENS DIE SA SKOLEWET WORD VOORKEUR GEGEE AAN LEERDERS WAT SAAM MET HUL BIOLOGIESE OUERS / WETTIGE VOOGDE IN DIE VOEDINGSGEBIED VAN DIE SKOOL WOON.**
- **LAERSKOOL WARMBAD IS 'N PARALLELMEDIUM SKOOL EN BIED SLEGS ONDERRIG IN AFRIKAANS EN ENGELS. LEERDERS MOET AAN DIE KURRIKULUM VEREISTES VOLDOEN.**

GEWAARMERKTE AFSKRIFTE van die volgende dokumentasie MOET u aansoekvorm vergesel.
(Geen afskrifte sal in die kantoor gemaak word nie):

- Geboortesertifikaat van leerder met geldige ID nommer;
- 1 x ID foto van leerder;
- Immuniseringskaart van leerder (bladsye waar leerder se naam, van en lys van inentings verskyn);
- ID dokumente van beide biologiese ouers/wettige voogde (ook van toepassing op geskeide / ongetroude ouers);
- Pleegsorg dokumente indien van toepassing;
- Laaste rapport;
- Bewys van adres waar leerder woon (nie ouer as 2 maande). Biologiese ouer/wettige voog se voorletters en van moet daarop verskyn. Slegs munisipale rekening (nie brief) / bankstaat / amptelike huurinstansie brief / wettige huurkontrak sal aanvaar word.

Indien u NIE 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, benodig ons ook **GEWAARMERKTE AFSKRIFTE** van:

- Paspoort van leerder;
- Geldige studiepermit van leerder;
- Paspoorte van beide biologiese ouers/wettige voogde (ook van toepassing op geskeide / ongetroude ouers);
- Werkspermitte van beide biologiese ouers/wettige voogde;
- Tydelike of Permanente verblyfpermit van die SA Departement van Binnelandse Sake;
- Bewys dat u aansoek gedoen het vir toestemming om in SA woonagtig te wees

VOORLOPIGE Skoolfonds vir 2020:
R 1 275.00 registrasie fooi (dit vorm deel van die jaarlikse skoolfooi).
R 1 275.00 maandeliks vooruit betaalbaar **voor/op die 7de van elke maand tot Nov. 2020.**

Vriendelike groete

Mnr. HF Coetzee (Hoof)